# KINDERKERK LES: Die Bybel – God se woorde

**Doel van les:**

- In vandag se les leer die kinders dat die Bybel God se eie woorde is, al het Hy mense gebruik om dit neer te skryf. Die Bybel is God se boodskap aan ons.

Vandag gaan ons bietjie gesels oor maniere wat ons boodskappe vir mekaar kan stuur. 'n Boodskap is iets wat ons vir iemand wil sê wat belangrik is, en daardie persoon moet weet. Daar is baie maniere om dit te doen, en ons gaan so klompie speletjies speel oor die verskillende maniere om 'n boodskap oor te dra.

**Speletjie 1: Simon Says:** Speel Simon Says met die kinders om die eerste manier om 'n boodskap oor te dra te illustreer.

**Lys van opdragte:**

- Lig jou voet so hoog soos jy kan;
- Byt jou lip;
- Gaap;
- Maak asof jy berg klim;
- Knip jou linkeroog;
- Kielie jou voet;
- Gee jouself 'n drukkie;
- Loop soos 'n krap.

**Sê:** Een manier om 'n boodskap oor te dra is natuurlik om dit vir iemand te sê. Mamma vra jou om vir boetie of sussie te sê dat die kos reg is, en hulle kan kom eet. Juffrou sê dat julle Vrydag gewone klere skool toe kan aantrek. Daar is natuurlik nog 'n paar ander maniere ook.

**Speletjie 2: Stomstreke:** Ek gaan nou met my lyf vir julle boodskappe stuur. Kom ons kyk of julle kan raai wat ek vir julle sê.

- Waai – Beteken hallo
- Glimlag – Voel gelukkig
- Wink nader met jou hand – Jy roep iemand
- Huil – Voel hartseer
- Waai jouself koel – Kry warm
- Krap jou kop en trek skouers op – Weet nie wat aangaan nie
- Hou maag vas – Jy het maagpyn

**Vra:** Wie wil probeer om met net hulle lyfies vir ons 'n boodskap te gee?

Laat kinders probeer om met hul lyfies boodskappe oor te dra en sê dan: Soms kan ons 'n boodskap van iemand kry nog voordat hulle praat. Ons kan dalk sien dat iemand kwaad is, nog voordat hulle 'n woord gesê het. So dis nog 'n manier om 'n boodskap oor te dra.

**Speletjie 3: Telefoontjie:** Laat die kinders in hul groepies agtermekaar staan en fluister vir die kind heel agter in die ry 'n boodskap. Die kind moet dit in die maatjie voor hom/haar in die ry se oor fluister, sonder dat die ander hoor. Verduidelik dat hulle die boodskap mooi moet oordra aan die volgende maatjie, want die een wat voor is, gaan die opdrag uitvoer.

**Telefoontjie sinne:**

- **Klap tien maal hande;**
- **Doen een ster sprong;**
- **Lê op die grond;**
- **Skud hande met iemand**

Ons het nou lekker telefoontjie gespeel en natuurlik kan ons ook iemand bel om vir hulle iets te vertel.

**Speletjie 4: Raai: Sê:** Ek dink nou aan Iemand wat ook vir ons 'n boodskap het. Kyk of julle kan raai van Wie ek praat: Die persoon is baie slim. Hy is sterk en maak nooit 'n fout nie. Hy weet alles en niks is te moelik vir Hom nie. Hy jok nooit nie, als wat Hy sê, is waar. Hy is oral en het alles gemaak. Wie dink julle is dit? God ja! Het julle geweet dat God ook vir julle 'n boodskap gestuur het?

(Berei voor die tyd die volgende voor: Sit 'n Bybel in 'n groot koevert. Plak of teken mense op die koevert.)

Haal nou die koevert met die Bybel in uit. Wat kan mens in 'n koevert kry? 'n Brief. Mens kan 'n brief skryf om ook 'n boodskap aan iemand oor te dra. God het ook vir al die mense in die wêreld 'n brief gestuur. Wat kan die brief wees? Maak die koevert oop en haal die Bybel uit. Het julle geweet dat God die Bybel vir ons gegee het? Het julle geweet dat die Bybel God se woorde is? God het lank terug vir sekere mense gesê om Sy woorde neer te skryf. Kom ons gesels gou daaroor, want dit klink nou bietjie snaaks. God se woorde wat mense moes neerskryf.

**Illustrasie:** Hierdie illustrasie sal die kinders help om te verstaan hoe God mense gebruik het as Sy instrumente om die Bybel te skryf.

Kry 'n swartbord met bordkryt, of 'n groot stuk ongedrukte koerantpapier en koki. Sit dit voor in die klas sodat almal dit kan sien. Skryf op die bord/papier: Die Bybel is God se eie woorde. Lees dit vir klas.

**Vra:**

- Wie het hierdie woorde op die bord/papier geskryf? (Hulle behoort te sê jy het.)
- Wat het ek gebruik om die woorde mee te skryf? (Koki, bordkryt)
- Het ek die woorde geskryf of het die bordkryt/koki? (Ek het die koki/bordkryt gebruik om die woorde te skryf, maar dis my woorde en my boodskap aan julle.)
- Wie het die Bybel geskryf? (God het. Net soos ek die bordkryt/koki gebruik het om my woorde neer te skryf, het God mense gebruik om Sy woorde neer te skryf om vir ons die Bybel te kon gee.)

Die Bybel is God se boodskap aan ons. In die Bybel vertel God ons hoe Hy wil hê ons moet leef op aarde en van begin tot einde vertel God ons van Jesus. Daar is sommer baie dinge wat God ons leer in die Bybel. Dink julle nie dit wonderlik dat God die Bybel vir ons gegee het nie? Ek dink ek gaan nou sommer die Bybel baie, baie meer lees, want dis dan God se boodskap vir ons. Dis awesome!

Kom ons speel 'n laaste speletjie:

**Speletjie 5: God sê:** In die Bybel vertel God ons baie dinge. Ek gaan nou so klompie sê en julle kan dit uit "act" op watter manier julle ook al wil. Ek is nuuskierig om te sien hoe julle dit gaan doen.

**God sê:**

- Bid sonder ophou;
- Wees vriendelik;
- Wees lief vir almal;
- Moenie sonde doen nie
- Luister na God

Julle is baie oulik. Ek hoop julle gaan nou sommer elke dag Bybel lees of vir mamma of pappa vra om Bybel vir julle te lees. Ek is seker julle wil nes ek God se woorde hoor.

Sluit af met gebed in groepe.